## 7 Julie Deuteronomium 8:1-20 (8:11, 20)

### *Die Woord van God is onverganklik*

As jy aan die wet van God voldoen sal dit met jou goed gaan. Klink dit nie wetties nie? Die gedagte mag gehuldig word dat die Ou Testamentiese era wel wetties was maar dat dit deur Jesus Christus opgehef is. Hierdie gedagte word versterk deur aanhalings van uitsprake van Paulus soos "...dat ons nie meer onder die wet van Moses staan nie maar onder die genade" (Rom. 6:15) en "nou gebind was nie" (Rom. 7:6). Mense is geneig om te dink dat die wet ook nie meer so prominent voorop in die erediens behoort te figureer nie.

Wanneer Jesus oor die wet praat sê Hy: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry. Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is" (Matt 5:17,18). Hoe bring ons hierdie uitsprake in die Bybel bymekaar? Saam met die eis en belofte van die wet is daar ook die vervloeking van die wet. Dit kom ons ook agter vanuit vers 20 van die gelese gedeelte. Paulus het nooit beweer dat die wet van God nie meer geldig is nie. Wat Paulus wel sê is dat die gelowiges vrygespreek is van die vloek van die wet.

Die Woord van God is onverganklik en daarom moes Jesus vir ons aan die kruis sterf om die vloek van die wet wat op ons rus vir ons te dra. Die Woord van die Here raak nooit oudmodies nie en moet ook nou en in die nuwe eeu ons lewens bepaal. Die kennis van die moderne eeu sal steeds ondergeskik bly aan die wysheid van die onverganklike Woord van God. Menslike redenasies en insig is dwaasheid by God (Rom. 1:21, 22). Die enigste vastigheid wat ons in hierdie lewe kan hê is om te bou op die rots, Jesus Christus, die woord wat vlees geword het.

Sing: Psalm 119:1, 2

Ds. R.P. van Wyk (Grassy Park)